

**Saterdag 29 Julie**

**Skrifgedeelte: 1 Samuel 4:1-11**

**Fokusgedeelte: 1 Samuel 4:3; HK Sondag 27, Vraag 72**

**Die doop is meer as net 'n uiterlike teken**

Ons het reeds gesien dat God dit baie ernstig bedoel as Hy ons deur die doop verseker dat ons deur die bloed van Christus van al ons sondes gewas is en dat Hy ons deur sy Heilige Gees lei om volgens sy wil tot sy eer te lewe. Nou was en is daar egter mense wat die belydenis verkeerd verstaan. Hulle is van oordeel dat as God alles doen waarvan Hy ons deur die doop verseker, ons niks meer hoef te doen om ons roeping om soos gedoopte mense te lewe, na te kom nie. Op dié wyse word van die doop 'n bloot uitwendige saak met 'n toweragtige betekenis gemaak wat die hart van die gelowige koud laat, sonder heilige toewyding aan die diens van die Here. Daarop vestig Vraag 72 van ons belydenis die aandag as dit vra of die uitwendige waterbad sonder meer die afwassing van die sonde is.

In die Skrif word ons baie ernstig teen hierdie gesindheid en handelswyse gewaarsku. Ons kry immers daarmee te doen in die optrede van Israel in die tyd van Eli (1 Sam. 4:3). In dié tyd was die verbondsark enersyds 'n teken van God se teenwoordigheid in Israel, maar andersyds 'n teken vir Israel om aan God se gebooië, wat in die ark was, gehoorsaam te wees. Toe Israel hulle oorlog teen die Filistyne verloor het, het hulle besluit om die ark te gaan haal en na die gevegsfront te bring om so te verseker dat God by hulle sal wees en hulle sal help in die res van die oorlog.

Israel was egter aan God ongehoorsaam, en daarom het die ark sy betekenis as aanduiding van God se teenwoordigheid verloor en 'n blote houtkis ge-word. Trouens, toe het dit vir Israel 'n teken geword wat hulle van ontrou aankla en beskuldig. Daarom het God hulle ook nie in die oorlog gehelp nie en het hulle dit verloor.

Die gevaar is groot dat die doop vir ons, net soos die ark vir Israel destyds, 'n blote teken sonder betekenis kan word – net soos 'n verloofring nadat die verlowing verbreek is. Dit gebeur as ons die eise wat die doop aan ons stel, verontagsaam net soos Israel met die ark gedoen het. Dan word daar soms baie waarde aan die uiterlike teken van die doop geheg, sonder om met die betekenis daarvan erns te maak.

Daarteen wil Vraag en Antwoord 72 ons waarsku: Dit is nie die uiterlike handeling van die doop wat die sonde afwas nie, maar die bloed van Christus, en dit kan deur niks vervang word nie – nie deur die doop, die nagmaal, kerkbesoek of goeie werke nie. Dit maak die doop nie minderwaardig nie, maar eis juis van ons om die doop en sy betekenis in uiters ernstige lig te beskou.